Skole kry nie skollies geskors

Staat se gesloer knou dissipline, sê kenners

Alet Rademeyer

Skole het enorme probleme met provinsiale onderwysdepartemente om aanbevelings oor leerlinge wat in tugverhore skuldig bevind is, bekragtig te kry.

Onderwyskundiges wat gister aan die 18de internasionale konferensie van die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Onderwysreg (SAVO) buite Johannesburg deelgeneem het, het gesê die departement se gesloer om die skorsing van leerlinge te bekragtig, het 'n baie negatiewe invloed op dissipline in 'n skool.

Prof. Johan Beckmann van die Universiteit van Pretoria (UP) meen gehalte-onderrig kan net in 'n omgewing plaasvind waar dissipline-prosesse en -prosedures doeltreffend gehanteer word.

Talle skole sukkel met agteruitgang in dissipline omdat diegene wat die tugverhore moet lei nie behoorlik opgelei is om dit te doen nie, het hy gesê.

Kragtens die Skolewet het skoolbeheerliggame die plig om tugverhore te hou en toe te sien dat dit billik en regverdig verloop.

Beckmann meen skole benadeel hulself as hulle nie tugverhore hou nie en dissiplineprobleme ignoreer omdat hulle nie weet wat om te doen nie.

Paul Colditz, uitvoerende hoof van die Federasie van Beheerliggame van Suid-Afrikaanse Skole (Fedsas), het gesê skole wat aanbevelings oor straf vir leerlinge aan provinsiale departemente maak, kry in KwaZulu-Natal, Limpopo, die Oos-Kaap en Noordwes geen terugvoering nie. In die Vrystaat, Gauteng en die Wes-Kaap is dit beter.

Volgens Colditz frustreer dit skole en beheerliggame en aanbevelings word dikwels sommer net van die hand gewys.

Prof. Elda de Waal van die Noordwes-Universiteit het gesê onderwysers het ook 'n plig om leerlinge verantwoordbaarheid te leer en nie net die kurrikulum te onderrig nie.

Onderwysers kan volgens haar ook toesien dat skole se leerlingrade opleiding kry om hul rol te vervul om verantwoordbaarheid in 'n skool te kry.

De Waal het gesê die dilemma is om orde in openbare skole te handhaaf terwyl leerlinge se vryheid van spraak en uitdrukking ook gerespekteer word.

Tuisskoliere registreer nie

Minder as 15% van tuisskoliere is by onderwysdepartemente geregistreer, het Ilze Booysen van die NWU se regsfakulteit gister gesê.

Van die redes wat aangevoer word, is die gebrek aan administratiewe kapasiteit by departemente, het sy op die internasionale konferensie van die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Onderwysreg gesê.

Volgens Booysen is dit egter te maklik vir ouers om nie hul kinders skool toe te stuur nie, terwyl niemand teen hulle optree nie – dít terwyl die kind se grondwetlike reg op basiese onderwys misken word.

"Hierdie berig is n presiese weergawe van die berig wat in die koerant verskyn het. Regstellings rakende die berig is moontlik n die publikasie daarvan gedoen. Soek asseblief in die argief en/of ander nuusbronne vir moontlike regstellings om die nuutste inligting te bekom."
"This article represents the text exactly as it was published in the newspaper. Corrections regarding the article may have been made on subsequent dates. Please search the archive or other news sources for